Skriflesing: Matt 7:13-14
Tema: Kies lewe!

God het vir elkeen van ons gekies deur sy seun Jesus Christus. Hy verseker ons vanoggend by die doop daarvan en weer oor 2 weke by die nagmaal.

God se keuse vir ons beteken nie dat ons gered is nie. God help vir ons daarmee deur die Heilige Gees, maar elkeen van ons moet ook kies.

Dit is ‘n keuse tussen lewe of dood, die regte of verkeerde pad. Daar is nie ‘n middeweg nie. Hierdie gedagte loop soos ‘n refrein deur die Bybel:

Moses sê vir die volk in Deut 30:15: “Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou.”

In Josua 24:14-15 roep Josua die volk op om te kies: “Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien:”

In Psalm 1 lees ons van die “die weg van die regverdiges” en “die weg van die goddelose”.

In Jeremia 21:8 sê die Here vir Jeremia om vir die volk te sê: “Ek gee julle die keuse: wil julle lewe of wil julle sterwe?”

In die bekende Openbaring 3:15-16 word die gemeente van Laodicea deur die Here gewaarsku teen die middeweg: “Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!
Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.”

In die laaste 15 verse van sy preek op die berg onderskei Jesus telkens tussen twee goed, twee paaie, die goeie en slegte boom, sê en doen en twee fondamente – rots of sand.

Vanoggend kom verseker Hy op besondere manier vir elkeen van ons dat Hy ons gekies het. Hy vra ook vir elkeen van ons: “Het jy al tussen twee paaie gekies?”

In Matteus 7:13+14 preek Jesus van:
2 poorte - nou en wyd. Watter een kies jy?
2 paaie - smal en breed. Op watter pad is jy?
2 hoeveelhede mense - min of baie. By watter groep is jy?
2 eindbestemming – lewe of verderf. Na watter een is jy oppad?

1. Almal van ons se pad begin by twee poorte – die nou poort en 'n wye poort.
Die wye poort sluit niks en niemand uit nie. Almal is welkom en hulle kan saambring wie en wat hulle wil. Jy hoef ook geen besluit te neem nie. Om die waarheid te sê, besef jy nie eens dat jy deur 'n wye poort gegaan het nie. Jy gaan net aan met jou lewe.

Die ander poort is nou. Jesus Christus is die poort. Hy sê van Homself:
Johannes 10:9: “Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word.”
Johannes 14:6 “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.”
Nie een van ons word outomaties ‘n Christen nie. Jou ouers of doop maak nie van jou ‘n Christen nie. Jou Christelike opvoeding of die bywoon van eredienste maak nie van jou ‘n Christen nie.

Christen-word is ‘n persoonlikste keuse wat elkeen self moet neem. As jy nog nie in geloof Jesus Christus as jou Verlosser gekies het nie, is jy nog nie ‘n Christen nie! (Joh 1:12)

Die poort is nou, wat ook beteken dat, wie daar wil deurgaan, laag moet buig. So moet ons eenmalig en daagliks laag voor die Here buig en ons lewens aan Hom oorgee.
Die poort is nou, 'n mens kan nie alles en almal saamneem nie. Vriende wat nie vriende van Jesus is nie, moet agterbly. Sonde en liefde vir die sondige wêreld moet agterbly. Die selfsugtige "eie Ek" moet agterbly, want niemand kan twee here dien nie. Wanneer ek in geloof kies vir die Here, is Hy Koning op die troon van my lewe.

2. Die twee poorte lei na twee paaie.
Die nou poort lei na die smal pad. Die wye poort lei na die breë pad.

Die brëe pad is die maklike afdraende pad van sonde. Op die breë pad is alles aanvaarbaar. Jy kan doen wat jy wil, waar jy wil en wanneer jy wil. Jy kan oordeel en haat en mense afskryf en hulle soos objekte hanteer. Jy kan vir jou net meer en meer skatte opgaar. Jy kan oneerlik wees en steel, jy kan begeer soveel en wat jy wil en jou begeertes bevredig.
Maar die groot waarskuwing vir ons in die erediens, is dat daar ook goeie mense op die breë pad is. Bewonderaars of toeskouers wat van die pawiljoen af toekyk, maar self nie kies of betrokke raak nie, is op die breë pad.
Die bergrede sluit af met die woorde: “Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig, want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.” (Matt 7:28-29)
Soos by die bergrede hoor vandag steeds ‘n skare mense Jesus se woorde, maar dit maak aan hulle geen verskil nie.

Die smal pad is die moeilike pad wat jy kies om te loop. Mense op dié pad, doen wat die Here wil. Die Bybel is die enigste roetekaart op hierdie pad.

3. Die twee verskillende paaie het twee hoeveelhede mense op.
Op die breë weg is daar baie mense, op die smal pad is daar min.
‘n Christen, wat leef in die voetspore van Jesus, is “uit”. En “uit-wees’ is vir niemand lekker nie. Jy is nie populêr by die massas nie. Jy is dikwels alleen, nie omdat jy beter is nie, maar omdat jy Geesvervuld anders is as hulle wat nie die Here ken en dien nie. Anders is ons nie Christene nie.
Die Here het nooit 'n populêre boodskap probeer bring om skares te trek nie. Sy pad is nie vir papbroeke nie. Hy sê in Matteus 10:38-39: “Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie. Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind.” Ek en jy moet kies vir kruis opneem.

4. Die twee paaie eindig in twee eindbestemmings – verderf en dood of lewe.
Baie mense wil nie aan die hel glo nie. Maar niemand het méér daaroor gepraat as Jesus nie. Hy het geweet watter hel op verlorenes wag, maar Hy het ons te lief gehad om ons te los op die breë pad om hulpeloos in sondeverlorenheid voort te strompel hel toe. Daarom het Hy in ons plek helse smarte kom ly om ons van die verderf te red tot die lewe.

Wie glo in Jesus Christus, het vandag die ewige lewe en is oppad na die volmaakte lewe in ons Vaderhuis.

Jesus laat ons nie in die duister nie. Daar is twee poorte wat lei na 2 paaie. Daar is twee hoeveelhede mense op die paaie wat lei na twee eindbestemmings. Ek sluit af met die woorde van God in Jeremia 21:8 en ek maak dit vanoggend meer persoonlik: “Ek gee jou die keuse: wil jy lewe of wil jy sterwe?”
Amen